

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 12 November 2017

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: 1 Joh 2: 7-17 en Psalm 103: 1-7 (OAV).

Fokus: 1 Joh 2: 12-14 en Psalm 103: 7 (OAV).

Groei in jou verhouding met God tot geestelike vader (deel 2).

Omgee:



- Pieter en Susan Le Roux is albei ontslaan uit Flora Kliniek en sterk tuis aan.
- Dit gaan heelwat beter met Matt Brummer se pa nadat hy 'n ligte beroerte gehad het.
- Bettie van Bergen voel baie verswak en wag nog op uitslae van mediese toetse.
- Ferdie Joubert gaan DV Donderdag 16/11 vir 'n skoueroperasie.
- Cara Palmer is nog verswak.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:

- **Gemeente-toerusting en die Hoërskool kategese** vind vandag plaas om 17h00 in die kerkgebou. Die tema is: "Sola Scriptura in die era van die Wetenskap" – 'n persoonlike ervaring/getuienis.

- Herderlike Ouderlingevergadering DV Dinsdag 14 Nov om 19h00 in die kuierkamer.
- **Oefentye vir die musikante en sangers by die Kerssangdiens:**Maandae, 6, 13, 20 November om 19:00 en op Saterdag, 11, 18 en 25 November om 09:00. Die kleedrepetisie is op Sondag, 26 November vanaf 15:00.
- **Tuingereedskap:** enige items wat jy nie gebruik nie, sal BAIE waardeer word! Gesels asb met Martin of kontak hom by 083 206 7483.
- Daar is behoefte aan gewillige lidmate om hulle hulp aan te bied by die **rekenaar en kamera**. Sê vir Matt Brummer.
- **Almanak 2018** – ons bestel net genoeg vir die lidmate wat betaal het. Koste beloop R 80-00 en is betaalbaar by Ankie.
- **Tee/koffie skinkbeurt** –vandag is dit Groep 2, Elma, Karla, Annemie en Hilda se beurt. Volgende Sondag DV vier ons Nagmaal saam met lidmate van Jabavu.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.za of sms na 072 651 8286).

Spesiale eredienste:

- Ons vier DV volgende Sondag, 19 Nov, Nagmaal soos gebruiklik saam met lidmate uit GK Jabavu. Na die diens trakteer die diakens ons op 'n ligte ete.
- DV op 26 November om 18:30 vind ons jaarlikse Kerssangdiens plaas met die tema: *Joyous Celebration*. Nooi asseblief familie en vriende uit om te kom. 'n Vriendelike versoek is dat elkeen 'n klein geskenkie saambring na die geleentheid. Die diakens het meer inligting oor die projek vir minder bevoorregte persone.
- Vanjaar is Kersdag op 'n Maandag en die kerkraad het besluit om die Sondag (24 Des) reeds die Kersdiens te hou. Daar is dus nie op Kersdag 'n erediens by Bergbron nie. NG Waterval en Greymont het wel 'n gesamentlike diens by Waterval om 08:00.

Gebed NB: GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00

Help Gebed: *Help* – Is 'n noodsaaklike gebed vir my. Dit gebeur in tye wat jy nie weet waarheen nie en wat om te doen nie. Baie van die rekenaarprogramme het 'n help funksie en is noodsaaklik. Keer na binne en bid....help asb.... Soms in paniek! Somtyds is dit 'n sagte skietgebed. Neh.2 :4 Soms is dit 'n uitroep na God!

- In my stiltetyd is ek tans besig met Psalms. **Opskrifte van Psalms:** Ps 3 begin **Hulp** kom van die Here af; Ps.5 **Help** my om U wil te doen; Ps.6 **Help** my, want U is getrou; Ps. 7 God **help** die opregtes. So kan ons aangaan.
- Ek het vir Susan, Celeste en Junita gevra om 'n getuienis met ons te deel wat aansluit by **HELP – hulpgebed**
- **Tale:** Kom ons gesels tegelykertyd oor **tale** 1 Kor.14:18. Min onderwerpe het soveel bespreking ontlok as **tale**. Gemeentes het al geskeur oor die onderwerp. Debatte is al gevoer. My doel is nie dat ons hieroor 'n debat voer nie, nee ek wil net Susan se getuienis versterk. Wanneer ons in tale bid, stel ons die Heilige Gees, binne ons, in werking sodat ek en jy kan leer en dinge wat gebeur verstaan. God het ons die vermoë gegee om in ander tale te bid om ons gees te versterk en op te bou totdat ons die oorhand kry oor ons

vlees. Ons moet die kragtige vrugte van die Gees vrystel wat God in jou geplant het. Glo my indien jy weergebore is, is hulle daar. Leer om saam met dit te vloei. 2 Pet. 1:10.

1 Kor 14:2 – Hoe stel ek en jy onself geestelik op die regte “golflengte”in? Deur in die Gees te bid. Om in ander tale te bid is die mees doeltreffende metode wat ek ken om jouself op God in te stel i.p.v. om jou eie gedagtes en planne te bid. **Bid God s’n -Syne !!**

Susan se Getuienis

Ons dogter moes Donderdagaand van die Kaap af hierheen vlieg vir ‘n werksvoorlegging by ‘n firma. Haar man sou haar by die huis gaan kry en lughawe toe neem. Dit gebeur toe so dat hy in die verkeer vassit en glad nie kon vorder nie. Sy het my gewhatsapp en ek het besef dat daar net een uitweg is en dit is gebed. Daar was nie ‘n kans dat sy die volgende oggend 10 uur by die firma kon wees as sy die vliegtuig sou verpas nie. Ek was skoon in ‘n paniek.

Ek het begin bid, dit kom toe by my op dat ek in my taal moet bid. Onnodig om te sê, ek het in my lewe nog nooit so dringend gebed nie, dit was sonder ophou. Terwyl ek gebed het, het die woorde van iemand, wat die oggend vir my ‘n audio gestuur het, by my opgekom, nl. om in die Naam van Jesus te bid. Ek het begin, in my taal, soms in gewone Afrikaans oorgegaan en in Jesus se Naam begin pleit, dan weer aangegaan. So het ek aanmekaar voor die Here gestaan, of liever, geloop en bid. Ek kon nie stilsit nie. Toe hoor ek Sy sagte stem: “Ek sal sorg.” Ek was rustiger, maar toe kom die volgende whatsapp. Sy het net ‘n halfuur gehad voordat sy moes inboek en het in haar kar gespring en gery vir die lughawe, sy was daar, maar nou moes sy parkeer en daar was baie motors in die pad voor haar. Nou ja, wat doen ek toe? Ek het mos nou geleer! Ek bid in my taal en bid aanmekaar Jesus se naam oor die situasie, ek pleit vir parkering, vir ‘n waentjie direk langs die parkering, vir ‘n engel wat haar kon help. Toe ek weer hoor, toe staan sy in die ry om in te boek, natuurlik heelwat later! Om ‘n lang storie kort te maak, 10 minute voor die vliegtuig sou opstyg, het sy my laat weet sy is in die bussie oppad vliegtuig toe. Al wat ek kon sê was dankie, dankie dankie!

Sy was betyds. Haar seuntjie het kliphard uitgeroep toe hulle eindelijk kon sit: “Dankie God dat U ons gehelp het!

Alles wat ek gebed en gevra het, het so gebeur, tot klomp karretjies om die parkeerplek, nie net een nie.

“What a mighty God we serve.” Susan

Lekker verjaar ...!

14/11	CHARL TRUTER
17/11	MATTHEW BRUMMER
17/11	HANNES PIENAAR

Verjaardae in die week:

071 484 0132
071 153 0649
082 601 3508

Mag die Here jou oorvloedig seën

Nuus #kinders

- Vandag word erkenning gegee aan die kinders in die vorm van sertifikate en sluit ons ook af met lekker verversings.
- Al die kinders is genooi om deel te neem aan die item op Sondagaand, 26 November, tydens die Kerssangdiens. Gesels met Celéste of Ankie indien jy nog nie op die Kinderkerk whatsapp groep is nie.
- Na afloop van die Kerssangdiens is daar vir elke kind 'n pakkie met versnaperinge.



Die Lewende Woord vir Jou

Prediker: Ds Stephan Briel

Lees: 1 Joh 2: 7-17 en Psalm 103: 1-7 (OAV).

Fokus: 1 Joh 2: 12-14 en Psalm 103: 7 (OAV).

Groei in jou verhouding met God tot geestelike vader (deel 2).

- Johannes onderskei drie stadiums van volwassenheid: (1) 'n Beginstadium wat hy *kinders* noem, (2) 'n volgende stadium wat hy *jongmense* noem, (3) 'n finale stadium wat hy *vaders* noem.
- Die finale toets om as geestelike *vader* te kwalifiseer, is reproduksie!
- Geestelike *vaders* is diegene wat al lank genoeg saam met die Here wandel om sy weë te ken.
- Geestelike vaders ken God se weë, terwyl geestelike kinders slegs kyk na God se wonderdade (Psalm 103: 7).
- Bergbron benodig geestelike *vaders* en *moeders* om ons visie uit te leef.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Waarom is dit so belangrik dat jy as Christen moet groei tot 'n geestelike *vader*?
- Wat is die verskil tussen 'n geestelike vader en 'n geestelike kind volgens Ps. 103: 7?
- Hoe kom 'n geestelike vader of moeder tot die kennis van God se weë?



SURVIVING THE HOLIDAYS

GRIEF SHARE

DATUM:
25 NOVEMBER 2017

TYD: 9:00 – 12:00

PLEK: GKR RANDBURG

**KONTAK ELSABÉ VIR
MEER INLIGTING BY
082 330 1648**

**R50 PER PERSOON VIR
GRIEF SHARE
WERKSBOEK**



Sien jy op na die Herdenkingsdae en Feestydperk wat voorlê? Is jy bang vir die alleenheid wat in die vakansie mag voorlê?